Nuusbrief 2/2019

Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys
Posbus 13383 HATFIELD 0028
Tel: 012-362 0660 Epos: toibo@imaginet.co.za

Geagte Dominee

Hierdie maand deel ek graag met u die storie van een van ons oudleerders, en ek bring ook weer ons projekte onder u aandag.

Projek Sonskyn is ons hoofprojek. Vanjaar is begroot vir **R800 000** om kinders by te staan met skoolgeld, koshuisfooie en vervoerkoste. 'n Addisionele **R100 000** is beskikbaar gestel om dringende nood van minderbevoorregte kinders te verlig.

Dit is my storie .....

Marnitz Steyn
Oudleerder Transoranje-skool vir Dowes

Ek was 'n leerder by Transoranje-skool vir Dowes van 1988 tot 1999.

Ek sal altyd dankbaar wees teenoor Transoranje dat hulle my kunstalent raakgesien het deur my vir 'n supermark se kunskompetisie te laat inskryf. So het ek my eerste kompetisie op negejarige ouderdom gewen.

Nadat ek die skool op 15-jarige ouderdom verlaat het, het ek voltyds kunsonderrig gekry. By die Jacquey Theron-kunsskool in Pretoria het ek vir die volgende ses jaar aan hul jaarlikse kunsuitstalling deelgeneem. Ek het daar op die ouderdom van 16 my eerste kuns begin verkoop.

Op die ouderdom van 19 het ek die Alette Wessels-kunskamer se kompetisie vir Jong Opkomende Kunstenaars gewen, waarna ek die Anton Smit-skild ontvang het.

My eerste solo-uitstalling volg op die ouderdom van 21 by Aluvi House Pretoria, waarna talle deelnemende uistallings volg:

- UP Galery *Quapara* 2005.
- Staatsteater *O'de Women* 2005.
- KKNK 2009, 2010, 2004.
- Grahamstad 2011-2012.
- Nature's Valley 2009-2014 (solo's).
- Swellendam 2013-2015 (solo's).
- Sanlam *Opdragwerk* 2013-2015.

Die hoogtepunt van my loopbaan tot dusver was die voorreg om in 2018 my werke by die New York Art Expo te kon uitstal.

Ek het ook in 2018 die Wits Internasionale Kunskompetisie vir *Deaf Studies* gewen, waar ek met 'n trofee en sertifikaat beloon is.

In *Rapport Weekliks* skryf Jurie Joubert: Die tradisionele manier van klasgee bereik nie alle leerders nie. Vir die kind met 'n spesiale onderwysbehoefte geld dit nog meer. Baie kinders kom uit hoofstroomskole waar hul selfvertroue 'n knou gekry het, omdat hulle net nie kon vorder nie en as lui gebrandmerk is. In ons skole floreer hulle, want almal in die skool het min of meer dieselfde probleem.

Die rol wat ons skole oor jare heen gespeel het, en steeds speel, moet nooit onderskat word nie. Hulle verdien elke bietjie ondersteuning wat ons hulle kan bied. Diens met deernis in geloof!

Tot volgende keer.

Arina
Arina Jooste
Uitvoerende beampte

Be somebody who makes everybody feel

Transoranje Instituut
ABSA
Rekeningnommer: 020 840 145
Takkode: 632 005